

Ek is die Here jou God wat jou bevry het.

Die wet wat ons sopas gelees het, het Moses bo op die Sinai-berg direk van die Here af gekry en vir die Israeliete onder aan die voet van die berg gaan vertel. Die Israeliete het onder by die voet van die berg gesit, omdat hulle voortvluggend was. Hulle het pas uit Egipte ontsnap.

Nou wat is hierdie wet wat hulle ontvang en hoekom ontvang hulle wette? En hoekom het ons dit steeds vandag? Die wet wat hulle ontvang, is verdeel in twee gedeeltes: die eerste gedeelte fokus op God en die tweede gedeelte op wie ons behoort te wees in verhouding met God.

Ons hoor hier dat die wet die verhouding tussen God en mens versterk. Wat meer is, as ons mooi na die konteks van die wet gaan kyk hier in Eksodus 20 sal ons sien dat die tien gebooi ontstaan binne die groter verhaal van verlossing en bevryding, waar die volk swaar gebuk gegaan het onder die slawerny van Egipte.

Eksodus 20 kom na vore uit noodkrete van 'n volk wat uit onderdrukking bevry is. Ons is lief daarvoor om te sê ons is vry om te doen wat ons wil, maar is ons regtig so vry? Wanneer laas het jy jou vryheid gaan meet aan die vryheid wat God ons belowe?

Hoe vry is jy regtig om jou geloof uit te leef? Is jy op skool? Jammer, jy moet alle of geen godsdienste akkommodeer. Werk jy? Jammer, dit is onprofessioneel om oor godsdienste in die werkplek te gesels. Braai jy 'n vleisie? Jammer, die een onderwerp wat veral vermy moet word, is godsdienste.

Hoe vry is jy regtig om te rus? Op skool reeds word die druk gelaai tot op die maksimum en daar is min kinders wat nie 'n vol week het wat oorloop van huiswerk nie. By die werk neem daardie druk net verder toe en as jy dit waag om verlof te neem, gluur jou kollegas jou aan asof verlof die verkeerdste ding is.

Hoe vry is jy om die gesag wat jy het te gebruik om ander te onderrig? Mense toon nie meer respek vir die geslagte wat voor hulle gegaan het nie, nee, hoe ouer jy is, hoe meer irrelevant is jy.

Hoe vry is jy om te leef sonder om oor jou skouer te kyk? Daar is eenvoudig nie meer respek vir lewe nie, en as jy 'n selfoon in jou sak het en jy stap alleen op straat, is jy potensiaal deel van die moordstatistiek van Suid-Afrika.

Kom ons kyk sommer na gister se koerant...

Die verhaal wat in Eksodus 20 afspeel, is die verhaal van God wat die noodkrete van die volk hoor en hulle van onderdrukking bevry. Hier is dit belangrik om reg na die tien

gebooe te kyk. Die tien gebooe is fundamenteel tot 'n lewe in gemeenskap met mekaar en moet nie gesien word as wette vanuit 'n juridiese oogpunt nie, maar as reëls wat die samelewing wil beskerm. Die tien gebooe lê die basis vir lewe in gemeenskap met mekaar. Soos wat jou ma jou geleer het om nie jou hand op 'n warm plaat te sit nie om jou veilig te hou, so leer die gebooe ons wat om nie te doen nie om ons in gemeenskap met mekaar veilig te hou.

Hierdie fokus op verhoudings dien as 'n basiese beginsel vir die interpretasie van die tien gebooe en die toepassing daarvan in die geloofsgemeenskap. Die tien gebooe word algemeen verdeel in twee dele. Die eerste deel bestaan uit die inleiding en opdragte wat verband hou met ons verhouding met God. Die tweede gedeelte hou verband met ons verhouding tot ons naaste. Die twee dele is onlosmaaklik met mekaar verbind en is baie belangrik vir 'n lewe in geloof. Hoewel die tweede gedeelte gerig is op die verhoudings tussen mense, is die oorsprong van hierdie leefwyses geleë in die karakter van God - God wat red, bevry, en die lewe voorop stel.

As ons mooi na vers 2 kyk "Ek is die Here jou God, wat jou uit Egipte, die plek van slawerny, bevry het." kan ons noem dat vers 2 eintlik voor elke gebod gelees kan word. Hierdie bevryding van God is ook nie net 'n historiese daad wat duisende jaar gelede afgehandel is nie dit vertoon die karakter van God: God is steeds besig om te bevry.

Daarom kan ons met vrymoedigheid bely dat ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring: dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende en die verontregte is, Sy kerk roep om Hom hierin na te volg, aan verdruktes reg laat geskied, brood aan die hongeriges gee, geestelike gevangenes bevry, blindes laat sien, dié wat bedruk is, ondersteun, die vreemdeling beskerm, die pad vir die goddelose versper, ons, Sy volk, wil leer om goed te doen en reg te soek en dat ons as geloofsgemeenskap daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan.

Die tien gebooe word verstaan vanuit hierdie beginsel-uitsprake oor bevryding, wat lewe in gemeenskap moontlik maak. Die doel van die tien gebooe is dus nie om te bind of te straf nie, maar om ruimte te skep en die gemeenskap uit te daag tot die vorming van konstruktiewe verhoudings wat die lewe in vryheid moontlik maak.

Vanuit die bogenoemde is dit sinvol om na elke gebod te kyk vanuit die vryheidsperspektief. Ek is die Here jou God wat jou bevry...

- 1.) Geen ander gode nie: Die bevrydende moment in hierdie gebod is die eenvoudige enkelvoudigheid daarvan. Ons hoef nie ons lojaliteite te verdeel deur na ons verlossing op ander plekke te soek nie. Ons kan rus vind in die Een God wat die lewe vir ons wil.
- 2.) Geen beelde of afbeeldings wat gedien of vereer word nie. Hierdie gebod daag ons vandag uit om ook bevry te raak van die beperkende beelde en idees wat ons oor God koester. Ons denke oor God is dikwels die afbeeldings wat 'n ware verhouding met God verhinder.
- 3.) Sy naam nie sal misbruik nie. Deur God se naam te gebruik, maak ons aanspraak op Sy teenwoordigheid. As ons dus taal gebruik oor God om mense te beperk, mis ons God se bevrydende karakter.
- 4.) Hou die Sabbat heilig. Op hierdie dag word ons as gelowiges genooi om in die wete van God se bevrydende handeling te rus en nie normaal, soos elke dag, voort te gaan nie. Hierdie gebod bevry ons verder van die idee dat ons volkome verantwoordelik is vir ons redding deur harde werk. God nooi ons elkeen om in Sy bevrydende karakter te rus.
- 5.) Eer jou vader en jou moeder. Ons word opgeroep om te onthou waar ons vandaan kom, dat ons die volk van God is. Ons kinders moet mekaar hieraan herinner.
- 6.) Jy sal nie moord pleeg nie. Die lewe van elke mens is kosbaar en heilig. God tree in die geskiedenis in om die lewe moontlik te maak. Nou word ons opgeroep om daardie selfde lewe te beskerm en te bewaar. Hierdie sesde gebod roep ons op om die lewe te bewaar, te beskerm en na die bevestiging van menswaardigheid vir almal te streef.
- 7.) Jy sal nie owerspel pleeg nie. Die gebod roep gelowiges om mekaar te bevry deur in verhoudinge te leef waar ontsag vir mekaar bestaan.
- 8.) Moenie steel nie. Die gebod roep gelowiges op om respek te hê vir mekaar se eiendom en besittings.
- 9.) Moenie jok nie. Die gebod bevestig die feit dat die waarheid sal vry maak. Gelowiges word opgeroep om na die waarheid te soek wat vry maak en wat die lewe moontlik maak.
- 10.) Moenie begeer nie. As ons begeer, verloor ons fokus op al die wonders waarmee God ons seën. Hierdie laaste gebod bring ons weer terug by die genadige en bevrydende God wat ons seën met die wonder van genoeg: die fees van genoeg.

As deel van hierdie bevrydende waarheid in die tien gebooië moet onthou word dat:

- 1.) Die gebooië wat deur God gegee word 'n uitdrukking van Sy wil vir die mens is en hoe ons as mens behoort te leef.
- 2.) Die primêre fokus van die gebooië is om die lewe van die gemeenskap van gelowiges te vorm.
- 3.1) Die gebooië is 'n geskenk aan die gemeente wat die weg en die vreugde van die lewe uitwys.

3.2) Die gebooië is ook 'n waarskuwing aan die gemeente teen die sonde wat na die dood lei.

4.) Die intensie van die gebooië is om liefde vir God en liefde vir ons naaste te kweek. Hierdie twee kante kan nie afsonderlik beleef word nie.

Daarom: mag ons in hierdie Lydenstyd besef dat soos Christus vir ons gely het om ons van ons sonde te bevry so ook is die gebooië daar as riglyn oor hoe God wil hê ons moet leef om 'n ware vrye lewe saam en naby aan Hom te geniet.

As God dan vir ons elkeen vanoggend kom sê: "Ek is die Here jou God wat jou bevry..."
Mag ons daardie woorde glo en deur die tien gebooië, die Goddelike vryheidsmanifes, lééf!

Amen